Gimmie Griffie

23 Augustus 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 24***

GEAGTE OUERS

Ons musiekproduksie was weereens 'n reusesukses. Ons het opnuut besef hoe geseënd en talentvol ons leerders is. Die was voorwaar 'n voorreg om hierdie suksesvolle produksie te kon sien. Baie dankie vir almal wat dit ondersteun het. Baie geluk aan mev. Loretté du Toit en haar span helpers. Almal se insette het bygedra tot 'n baie suksesvolle produksie.

Baie geluk aan die nuutverkose Gimmie- en Koshuisraad.

Sterkte vir die krieket, ons vertrou dat dit baie goed sal gaan.

Gimmie-groete
RA Oosthuizen

WYNPROE

Op 6 September word 'n wynproe-aand in die saal ten bate van die leessentrum gehou. Kaartjies is R300 per paar. Kontak die skool indien u belangstel.

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 28 Augustus
Gimmieraadopleiding (18:00-20:00)
ATKV Jnr. Afrikaans-olimpiade

Woensdag 29 Augustus
Muurbal: Potch-skoleliga
Toneelstuk 1 & 2: ATKV-tienertoneel-kompetisie

Donderdag 30 Augustus
Top 10-toer
Toneelstuk 3: ATKV-tienertoneel-kompetisie

Vrydag 31 Augustus
Rugby 7's:Lichtenburg
Top 10-toer
Toneelstuk 3: Noordheuwel

Saterdag 1 September
Top 10-toer
Cheerleading: Tekkiefees

GIMMIERAAD 2018/2019

Die volgende leerders is tot die nuwe Gimmieraad verkies:

Graad 8:
Riandi Boshoff, Philip Human, Laura Kruger, Elsabé Potgieter, Reinhardt Röntgen en Anton Stadler.

Graad 9: Minelize du Toit, Phillip Jonker, Wiané Joubert, Hannes Koornhof, Franco Naudé en Cloé Werkman.

Graad 10: Marlize Jordaan, Martiné Jordaan, Leonore Lubbe, Elmarie Naudé, Almero Niemann, Malleen Pienaar, Anro Prinsloo, Stefan Schoeman, Nardus Swart, Gerhard Turkstra, Lize van der Westhuizen en Francois Wiid.

Graad 11: Hanlie Badenhorst, Phia Badenhorst, Adé Bester, Roelé Bester, Amira Botha, Aldin Bothma, Kosie Bouwer, Lourens Delport, FC de Villiers, Jhenelle de Villiers, Edian du Preez, Jodine du Preez, Ronnie Hendricks, Billy Jacobs, Wayne Jankowitz, Werner Jankowitz, Gerdoné Janse van Rensburg, Lize Jonker, Gerhard Koornhof, Daniel Kotze, Henko Labuschagne, Zoé Labuschagne, Kaila Lamprecht, Lienge Lamprecht, Meyer Leeb, Zané Lombard, Zanné Maree, Giovanni Pestana, Marinus Pienaar, Kelci Pistorius, Christelle Potgieter, Mia Schutte, Reuben Smit, Rienje Toxopëus, Anne van Aarde, Armand van der Merwe, Dewald van der Westhuizen, Marizaan van Dyk, Benic van Onselen, Christiaan van Wyk, Francois Viviers en Hanrike Vos.

KOSHUISRAAD 2018/2019

Die volgende leerders is tot die nuwe Koshuisraad verkies:

Cachet: Hanlie Badenhorst, Phia Badenhorst, Adé Bester, Amira Botha, Caitlyn du Plessis, Gerdoné Janse van Rensburg, Lienge Lamprecht, Zanné Maree, Elmarie Naudé, Kelci Pistorius, Christelle Potgieter, Ancia Steyn, Anne van Aarde en Danila Venter.

Brandwag: Kosie Bouwer, Janu Brand, Alexander de Bruyn, Akker Delport, Billy Jacobs, Jason Jackson, Wayne Jankowitz, Daniel Kotze, Henko Labuschagne, Giovanni Pestana, Marinus Pienaar, Christiaan van Wyk, Johan Viljoen en Francois Viviers.

KRIEKET

Die eerstespan het die afgelope naweek teen KHS gespeel. KHS het eerste gekolf en is vir slegs 46 lopies uitgeboul. Gimmies se beste bouler was Duan Jansen wat spog met 3 paaltjies vir 11 lopies in 5 beurte. Hy was baie goed bygestaan deur sy tweelingbroer Marco, wat 3 paaltjies vir 12 lopies in 4 beurte geneem het. Gimmies teken die wenlopies in die 5de beurt aan, met nog 8 paaltjies in die bank.

Die tweedespan het teen Schoonspruit se eerstespan met 6 paaltjies gewen. Simphiwe Mkwanazi het 4 paaltjies geneem, terwyl Zavier van der Westhuizen 66 lopies aangeteken het.

Die derdespan het met 4 lopies teen Boys High se eerstespan verloor, Marcus Roode het 48 lopies aangeteken.

Die o/15B's het met 9 paaltjies teen Boys High se o/15 A's gewen. Xander van Gass het 43 onoorwonne lopies aangeteken en Ronaldo de Lima het 3 paaltjies geneem.

Woensdag 22 Augustus se uitslae:
o/15A Superliga wen teen KHS met 4 paaltjies. Reinhardt Röntgen teken 50 onoorwonne lopies aan en Martin van Onselen neem 3 paaltjies vir 11 lopies.

Die vierdespan wen teen Ikageng 2 met 18 lopies. Frans Burger teken 32 lopies aan en Billy Jacobs neem 3 paaltjies vir 14 lopies.

DOGTERSHOKKIE

Baie geluk aan die o/14- en eerstespan wat aan die grootskole Noordvaal-kompetisie deelgeneem het. Die o/14-span het derde in hul poelwedstryde geëindig en die eerstespan het in die semifinaal teen Affies verloor en algeheel vierde geëindig. Baie geluk met

'n groot prestasie, harde werk en positiewe ouerondersteuning.

Ons wens ook vir Jhenelle de Villiers geluk met haar verskiesing as nie-reisende reserwe vir die o/21A-span. Welgedaan Jhenelle, Gimmies is trots op jou.

SEUNSHOKKIE

FC de Villiers en Lumka Gebengana is vir die o/21 NW-span gekies om aan die nasionale toernooi in Pretoria te gaan deelneem. Baie geluk, Gimmies is baie trots op julle.

MUURBAL

Baie geluk aan die volgende leerders wat onder die top 10 van die SA-skole ranglys geplaas is: Elske Garbers o/14 (1ste), Wolfie Hamm o/14 (3de) en Dylan Niemack o/16 (8ste).

Liga-uitslae van Woensdag 22 Augustus:
Gemengde liga A span wen 182-129 teen Girls High A
Gemengde liga B span verloor 136-219 teen Ferdies B
Meisies liga verloor 77-111 teen Girls High 3.

Elske Garbers het die afgelope naweek aan die *Prince SA Junior* Ope-muurbaltoernooi deelgeneem en eerste in die o/15-ouderdomsgroep vir dogters geëindig.

LANDLOOP

Baie geluk aan die volgende atlete wat Noordwes-kleure verwerf het:

o/14: Janina Ackerman en Ashton Diedericks.
o/15: Danielle Verster, Sunel Smit, Marco Taljaard en Gerrit de Kock.
o/16: Leonore Lubbe.
o/17: Abrie Kruger.

DANS

Anellé Arbuckle het die afgelope naweek aan die *IFAA SA Dance Championships* deelgeneem en het na die SA-finale deurgedring.

Anellé het sewe eerste plekke in die volgende danse verower: *Cheerleading, Hip hop*, *Freestyle, Jazz*, *Show Modelling*, *Musical Theatre* en *Open,* asook 'n tweede plek in *Contemporary* en 'n derde plek in *Modern*. Baie geluk, Anellé.

ATKV-TIENERTONEEL-KOMPETISIE

Op Woensdagaand 29 Augustus neem Gimmies se drie toneelgroepe aan die ATKV-Tienertoneelkompetisie deel. Die verrigtinge begin om 17:00 in die Sanlam Ouditorium en is gratis. Kom ondersteun gerus hierdie leerders wat al sedert Februarie baie hard vir hierdie geleentheid voorberei.

DRAMA AS AGTSTE VAK

Gimmies bied drama as agtste vak vanaf graad 10 aan. Indien u kind in graad 9 is en dit oorweeg om volgende jaar drama te neem, kan u gerus vir mev. Netta Schutte by 083 797 3267 vir verdere inligting skakel.

VEILING

Op 28 Augustus word 'n beesveiling deur Vleissentraal by die vendusiekrale op die N12 buite Potchefstroom aangebied. Dit is ten bate van die skool se skyfskiet-fonds. Ouers wat boer en vee het om te verkoop, word versoek om, as dit enigsins moontlik is, vee na die veiling te neem. 'n Persentasie van die omset word aan die skool oorbetaal. Baie dankie vir u goedgesindheid jeens dié fonds-insamelingsprojek. U kan vir Tinus Theunissen by 082 820 3382 kontak.